9.(1) Raadslede moet –

- (a) geskikte en gepaste persone wees;
- (b) die amp beklee in die beste belang van die Agentskap en die Provinsie;
- (c) oor toepaslike kennis, ervaring en vaardighede beskik soos in artikel 8(2) bepaal word; en
- (d) onafhanklik, onpartydig en regverdig wees.

(2) 'n Persoon is gediskwalifiseer om 'n Raadslid te word of te bly indien daardie persoon –

- (a) 'n ampsdraer is soos omskryf in die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs;
- (b) 'n amptenaar of werknemer is ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);
- (c) 'n amptenaar of werknemer is van 'n munisipaliteit wat ingevolge artikel 155(1) van die Grondwet ingestel is;
- (d) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (e) deur 'n bevoegde hof as swaksinnig verklaar word of is;
- (f) 'n direkte of indirekte belang in enige kontrak met die Agentskap het en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse wat deur hierdie Wet vereis word;
- (g) versuim om enige ander belang en die aard daarvan te openbaar op die wyse wat deur hierdie Wet vereis word;
- (h) 'n persoon onder kuratorskap is;
- (i) te eniger tyd uit 'n vertrouensamp verwyder is weens wangedrag wat oneerlikheid, diefstal of bedrog behels het;
- (j) skuldig bevind is aan 'n misdryf –
  - (i) wat oneerlikheid, diefstal of bedrog behels; of
  - (ii) wat nie oneerlikheid, diefstal of bedrog behels nie, en tot meer as drie maande gevangenisstraf gevonnissen is sonder die keuse van 'n boete: Met dien verstande dat 'n diskwalifikasie ingevolge hierdie item vyf jaar na die voltrekking van die vonnis eindig; of
- (k) ingevolge artikel 17 uit sy amp ontslaan is.

**Aanstellingsprosedure vir Raadslede**

10.(1) Wanneer dit ook al nodig is om 'n Raadslid of lede aan te stel, moet die LUR –

(a) benoemings aanvra vir geskikte persone om op die Raad te dien deur advertensies in die *Koerant* en ten minste twee Provinsiale koerante, een in Engels en een in isiZulu, te plaas wat die volgende moet stipuleer –

- (i) die benoemingsprosedure en die sluitingsdatum waarteen benoemings ontvang moet word;
- (ii) die inligting, kwalifikasies en ondervinding wat vereis word om benoem te word; en
- (iii) persone wat ingevolge artikel 9(2) gediskwalifiseer is om as Raadslede aangestel te word; en

(b) daarna 'n lys van die name van benoemdes en hul benoemers saamstel, met die vereiste besonderhede van elke individuele benoemde en sy of haar benoemer.

(2) Enige benoeming gemaak ingevolge 'n advertensie ingevolge subartikel (1)(a) moet ondersteun word deur –

- (a) die persoonlike en kontakbesonderhede van die benoemde;
- (b) besonderhede van die benoemde se kwalifikasies en ondervinding;
- (c) kontakbesonderhede van die benoemer;
- (d) besonderhede van die verhouding tussen die benoemer en die benoemde; en
- (e) enige ander inligting wat vereis mag word.

(3) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (2) benoem is om op die Raad te dien, moet binne tien dae nadat hy benoem is, aan die LUR sy of haar –

- (a) ondertekende aanvaarding van die benoeming; en
- (b) verklaring wat verklaar dat hy of sy nie gediskwalifiseer is vir aanstelling ingevolge hierdie Wet of enige ander toepaslike wetgewing nie, voorlê.

(4) Enige versuim deur 'n benoemde om aan subartikel (3)(a) en (b) te voldoen, diskwalifiseer die benoemde om vir die posisie van 'n Raadslid oorweeg te word.

(5) Die LUR kan 'n onafhanklike eksterne keuringspaneel aanstel om al die benoemings te hersien en te evalueer en daarna die name van geskikte benoemdes te kortlys en aanbevelings in daardie verband aan hom of haar te maak.

(6) Die LUR moet die aanstellings doen uit die lys van benoemdes bedoel in subartikel (1)(b).

(7) By die doen van die aanstellings moet die LUR –



- (a) voldoen aan die bepalings van artikel 8(1)(a);
- (b) voldoen aan die kollektiewe samestelling van die Raad soos bepaal in artikel 8(2);
- (c) voldoen aan die algemene vereistes vir Raadslede soos bepaal in artikel 9;
- (d) geslag en demografiese verteenwoordigendheid, sowel as die gedrag en prestasiegeskiedenis van benoemdes in soortgelyke vertrouensposisies in ag neem; en
- (e) die persone wat in die Raad aangestel is, skriftelik in kennis stel van hul aanstelling, en die datum waarop die aanstelling in die Raad in werking tree.

(8) Die LUR moet binne 'n tydperk van hoogstens 60 dae vanaf die datum van aanstelling van die Raad –

- (a) die Uitvoerende Raad en die portefeuljekomitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling skriftelik in kennis stel van die name van die persone wat op die Raad aangestel is; en
- (b) toesien dat die name van die persone wat aldus aangestel is, in die *Koerant* en ten minste twee Provinsiale koerante gepubliseer word, een in Engels en een in isiZulu.

(9) Waar dit aangetoon word dat enige een of meer Raadslede nie behoorlik aangestel is nie, maak sodanige omstandigheid nie enige resoluëie, besluit, magtiging of aksie wat deur die Raad geneem word, ongeldig of word daardeur beïnvloed nie, tensy 'n hof wat die geldigheid oorweeg van 'n bepaalde resoluëie, besluit, magtiging of optrede besluit dat sodanige resoluëie, besluit, magtiging of optrede tersyde gestel moet word.

### **Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad**

11.(1) Die LUR moet 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter uit die Raadslede aanstel.

(2) Die LUR kan sodanige aanstellings terugtrek of wysig, onderhewig aan die nakoming van regsvoorskrifte.

(3) Die Ondervoorsitter moet al die bevoegdhede, funksies en pligte van die Voorsitter uitoefen indien die Voorsitter afwesig, onbevoeg is, weier of versuim om as Voorsitter op te tree, of as die LUR die Voorsitter se aanstelling terugtrek.

(4) Indien beide die Voorsitter en Ondervoorsitter afwesig is, onbevoeg is, weier of versuim om hul pligte na te kom, of indien die LUR hul aanstellings terugtrek, moet die LUR 'n ander Raadslid as Waarnemende Voorsitter aanstel vir 'n tydperk van hoogstens 60 dae vanaf die

datum van sy of haar aanstelling deur die LUR.

### **Ampstermyn en heraanstelling van Raadslede**

**12.(1)** Raadslede is –

- (a) aangestel vir 'n termyn van vyf jaar of sodanige korter tydperk soos wat die LUR kan bepaal, of, indien artikel 18(2) van toepassing is, vir 'n termyn ingevolge daardie artikel bepaal;
- (b) verkiesbaar vir heraanstelling na goeddunke van die LUR vir een bykomende termyn van hoogstens vyf jaar, onderhewig aan die bepalings van artikel 9; en
- (c) na 'n onderbreking van minstens drie jaar nadat 'n bykomende termyn beoog in paragraaf (b) geëindig het, en onderhewig aan artikel 10, weer verkiesbaar vir aanstelling ingevolge paragraaf (a) en, indien aldus aangestel, weer verkiesbaar vir heraanstelling ingevolge paragraaf (b).

(2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), kan die ampstermyn van 'n Raadslid wat nie vir heraanstelling kwalifiseer nie, deur die LUR verleng word vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

### **Bepalings en voorwaardes van aanstelling van Raadslede**

**13.(1)(a)** Die LUR moet die voorwaardes vir aanstelling van Raadslede bepaal en moet voorsiening maak vir die betaling van vergoeding en toelaes wat deur die LUR in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies bepaal word;

(b) 'n Raadslid wat vergoeding, toelaes of ander voordele ontvang as 'n voltydse werknemer van –

(i) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het; of

(ii) 'n openbare entiteit, 'n nasionale of 'n provinsiale regeringsonderneming soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur,

en wat voortgaan om vergoeding, toelaes of ander voordele op grond van sodanige diens te ontvang, mag slegs toelaes as 'n Raadslid ontvang tot die mate wat nodig is om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou gewees het as hy of sy nie as 'n Raadslid gedien het nie; en

(c) verskillende vergoeding en toelaes kan vir die volgende kategorieë Raadslede bepaal word –

(i) die Voorsitter;

- (ii) die Ondervoorsitter;
- (iii) die Voorsitter van 'n Komitee van die Raad; en
- (iv) die ander Raadslede.

(2)(a) 'n Raadslid kan, ten opsigte van sy of haar funksies as 'n lid, vergoeding ontvang vir redelike werklike verblyf- en reiskoste wat genoodsaak is deur die bywoning van 'n Raadsvergadering, 'n vergadering van 'n Raadskomitee of amptelike funksie of geleentheid bygewoon in sy of haar hoedanigheid as 'n Raadslid.

(b) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies moet prosedures, insluitend beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir verblyf- en reiskoste bedoel in paragraaf (a).

(3) Enige vergoeding en toelaes betaalbaar aan Raadslede moet deur die Agentskap betaal word.

(4) Raadslede word deelyds en in 'n nie-uitvoerende hoedanigheid aangestel.

#### **Gedrag van Raadslede**

##### **14. 'n Raadslid –**

- (a) moet die funksies van die amp te goeder trou en sonder guns of vooroordeel uitvoer;
- (b) mag nie die posisie, voorregte of kennis van 'n lid gebruik vir private gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie; en
- (c) mag nie op enige ander manier optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van die Agentskap onder verdenking bring nie.

#### **Verklaring van finansiële of ander belange deur Raadslede**

**15.(1)** 'n Raadslid moet binne tien dae nadat hy aangestel is en jaarliks daarna 'n finansiële openbaarmaking by die LUR indien in 'n formaat wat weselik aan Vorm 1 van Bylae 1 voldoen.

(2) Waar 'n Raadslid 'n belang in enige maatskappy of ander besigheidsbelange verkry na indiening van enige finansiële openbaarmaking waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word en voordat die volgende openbaarmaking verskuldig is, moet hy of sy binne tien dae vanaf die datum van die verkryging van sodanige belang, 'n bykomende skriftelike

verklaring by die LUR indien in 'n formaat wat wesenlik aan Vorm 1 van Bylae 1 voldoen.

(3) Enige versuim deur 'n Raadslid om enige belange ingevolge subartikels (1) en (2) te openbaar, kan lei tot die verwydering van die lid, onderhewig aan voldoening aan die bepalings van artikel 9(2).

(4) Die LUR moet 'n bygewerkte register hou van die belange van Raadslede wat ingevolge hierdie artikel geopenbaar is.

### **Beëindiging van lidmaatskap van Raadslede**

**16.(1)** 'n Raadslid se aanstelling word beëindig wanneer daardie persoon –

- (a) nie meer ingevolge artikel 12 in aanmerking kom om 'n lid te wees nie;
- (b) die lid se ampstermyn oorskry word waar sy of haar termyn nie deur die LUR verleng word nie soos in artikel 12(2) bepaal word;
- (c) bedank;
- (d) weens dood of onbekwaamheid nie kan dien nie; of
- (e) ingevolge artikel 17 uit die amp ontslaan word.

(2) 'n Raadslid kan bedank deur ten minste drie maande skriftelike kennis aan die LUR te gee, maar die LUR kan 'n korter tydperk in 'n spesifieke geval aanvaar.

(3) Wanneer 'n Raadslid ophou om 'n lid van die Raad te wees, mag hy of sy nie meer die Raad in enige struktuur of komitee verteenwoordig nie, tensy hy of sy later in 'n komitee ingevolge artikel 23(2) aangestel is: Met dien verstande dat 'n Raadslid wat ingevolge artikel 17 uit sy amp verwyder is nie vir enige verdere aanstelling in aanmerking kom nie.

### **Ontslag uit amp en skorsing van Raadslede**

**17.(1)** Die LUR kan 'n Raadslid uit sy amp ontslaan op grond van –

- (a) wangedrag, oneerlikheid, onbekwaamheid of onbevoegdheid;
- (b) afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Raad sonder die voorafgaande toestemming van die Voorsitter van die Raad, behalwe met gegronde redes;
- (c) insolvensie; of
- (d) skuldigbevinding aan 'n kriminele oortreding sonder die keuse van 'n boete.

(2) 'n Raadslid kan uit sy amp ontslaan word op grond van wangedrag, oneerlikheid, onbekwaamheid of onbevoegdheid slegs nadat 'n bevinding tot dien effek deur die LUR gemaak is, onderhewig aan die nakoming van regsvoorskrifte.

(3) Die LUR kan 'n Raadslid wat ondersoek word sonder vergoeding skors, onderhewig aan die nakoming van die regsvoorskrifte.

### **Vul van vakatures op Raad**

**18.**(1) Enige vakature op die Raad beoog in –

- (a) artikel 10, in die geval van 'n gewone Raadslid; en
- (b) artikel 11, in die geval van die Voorsitter of Ondervoorsitter, moet binne 'n tydperk van 60 dae gevul word.

(2) 'n Persoon wat aangestel is om 'n vakature te vul, beklee die amp vir die onverstreke tydperk van die termyn van die ontruimende Raadslid of Voorsitter of Ondervoorsitter.

### **Afwesigheid van funksionele Raad**

**19.** In die afwesigheid van 'n funksionele Raad, berus die bevoegdhede, funksies en pligte van die rekenpligtige gesag van die Agentskap by die Hoof Uitvoerende Beampte soos bepaal in artikel 49(2)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur: Met dien verstande dat –

- (a) die LUR 'n ander toepaslik gekwalifiseerde en ervare persoon kan aanwys om die bevoegdhede uit te oefen en die funksies en pligte van die rekenpligtige gesag uit te voer;
- (b) die Provinsiale Tesourie, in buitengewone omstandighede, 'n ander funksionaris van 'n openbare entiteit kan goedkeur of opdrag gee om die rekenpligtige gesag van die Agentskap te wees; en
- (c) die LUR moet, so gou as wat redelikerwys moontlik is, maar in elk geval binne 'n tydperk van hoogstens ses maande, alle nodige stappe doen om te verseker dat die entiteit deur 'n funksionele Raad beheer word.

### **Raadsvergaderings**

**20.** (1) Die Voorsitter van die Raad besluit waar en wanneer die Raad vergader: Met dien verstande dat –

- (a) die Raad minstens kwartaalliks vergader;
- (b) die LUR die Raad skriftelik kan opdrag gee om te vergader, en die plek en tyd van die vergadering kan bepaal; en
- (c) die meerderheid van die Raadslede wat op daardie tydstip in diens is, kan die Voorsitter skriftelik versoek om 'n vergadering te belê op 'n plek en tyd soos uiteengesit in die versoek.

(2) Die Voorsitter, of in sy of haar afwesigheid, die Ondervoorsitter sit by vergaderings van die Raad voor, maar as hulle albei afwesig is van 'n vergadering, moet die aanwesige Raadslede 'n ander lid kies om die vergadering voor te sit.

(3) Die Raad kan sy eie prosedures bepaal onderhewig aan die ander bepalings van hierdie Wet.

(4) Die Raad kan na goeë dunnke –

- (a) lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon; en
- (b) enige personeellid of enige ander persoon nooi om enige van sy vergaderings by te woon waar dit nodig of toepaslik geag word.

(5) 'n Raadslid moet hom- of haarself onttrek van 'n aangeleentheid wat deur die Raad oorweeg of daarvoor gestem word indien hy of sy 'n direkte of indirekte belang het, of indien daar 'n moontlikheid is dat 'n direkte of indirekte belang kan ontstaan, tensy die Raad bepaal dat die belang wat geopenbaar is, onbenullig of nie wesenlik is nie.

(6) Indien dit in enige stadium tydens die verloop van enige verrigtinge voor die Raad blyk dat 'n Raadslid teenwoordig by daardie vergadering 'n belang het of kan hê soos beoog in subartikel (5), moet so 'n lid onverwyld die aard van sy of haar belang openbaar en die vergadering verlaat.

(7) Enige openbaarmaking wat ingevolge subartikel (5) of (6) gemaak word, moet in die notule van die betrokke vergadering aangeteken word.

(8) Indien dit later blyk dat die Raad 'n besluit geneem het oor 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n Raadslid versuim het om 'n wesenlike belang in subartikel (5) of (6) bedoel te openbaar, moet sodanige besluit deur die Raad heroorweeg word sonder die deelname van die geaffekteerde lid so gou as wat redelikerwys moontlik is nadat die Raad bewus geword het van die nie-openbaarmaking: Met dien verstande dat indien sodanige besluit die regte

van enige persoon nadelig raak en 'n direkte eksterne regsuitwerking het, die Raad by 'n bevoegde hof moet aansoek doen om sodanige besluit tersyde te stel.

(9) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit "**indirekte belang**" in, maar is nie beperk nie tot, 'n belang wat gehou word deur enige Raadslid se –

- (a) onmiddellike familie; of
- (b) sakevennoot, medewerker of werkgewer anders as die Staat.

(10) 'n Raadslid wat subartikels (5) en (6) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan wangedrag, en sodanige oortreding of versuim kan goeie rede vir die verwydering van sodanige lid uitmaak.

(11) Enige persoon kan 'n aansoek doen, mondeling of skriftelik, dat 'n Raadslid hom- of haarself moet onttrek indien daardie persoon rede het om te glo dat sodanige lid, sy of haar onmiddellike familie of naaste metgesel 'n finansiële of ander belang by die uitkoms van 'n besluit van die Raad het of vermoed om te hê: Met dien verstande dat die persoon wat so aansoek doen duidelike redes vir sy of haar versoek moet gee.

(12) 'n Aansoek bedoel in subartikel (11) moet –

- (a) aan die Voorsitter van die Raad gerig; of
- (b) aan die Adjunkvoorsitter van die Raad gerig word indien die aansoek die Voorsitter van die Raad aangaan,

wat oor die aangeleentheid moet besluit en die besluit aan die Raad moet rapporteer.

### **Notule van Raadsvergaderings**

**21.(1)** Die Raad moet verseker dat notules van elke vergadering van die Raad en sy komitees saamgestel en aan alle Raad en komiteelede versprei word.

(2) Alle notules van vergaderings bedoel in subartikel (1) moet –

- (a) by die volgende Raads- of komiteevergadering ter tafel gelê word vir aanneming en word, sodra dit aangeneem en onderteken is deur die Voorsitter van die Raad of 'n komitee, geag 'n korrekte rekord van die vergadering te wees en as *prima facie* bewyse van die besluite uitmaak wat deur die Raad of komitee by sulke vergaderings geneem is; en
- (b) in 'n register gelys en in hardekopie en elektroniese formaat gehou word sodra dit aangeneem en onderteken is.

(3) Die notules van alle vergaderings van die Raad en sy komitees is openbare dokumente waartoe lede van die publiek, onderhewig aan die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting en enige ander toepaslike wetgewing, toegang gedurende kantoorure kan versoek.

### **Kworum en besluite by Raadsvergaderings**

**22.**(1) 'n Meerderheid van die Raadslede wat ingevolge artikel 8(1) aangestel is, vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(2) 'n Saak voor die Raad word beslis deur die stemme van 'n meerderheid van die Raadslede teenwoordig by die vergadering.

(3) Indien daar, oor enige aangeleentheid voor die Raad, 'n staking van stemme is, moet die Raadslid wat by die vergadering voorsit, 'n beslissende stem uitoefen bykomend tot sy of haar stem as 'n lid.

(4) Geen besluit van die Raad is ongeldig bloot weens 'n vakature in die Raad nie, onderhewig aan die bepalings van subartikels (1) en (2).

### **Instelling van Raadskomitees**

**23.**(1) Die Raad kan nie meer as vier komitees instel om hom by te staan in die uitoefening van sy bevoegdhede en uitvoering van sy funksies nie, insluitend maar nie beperk nie tot –

- (a) 'n Oudit- en Risikokomitee;
- (b) 'n Beleggings- en Projektoesigkomitee; en
- (c) 'n Menslike Hulpbron- en Etiekkomitee.

(2) Wanneer lede op 'n komitee aangestel word, is die Raad nie beperk tot Raadslede nie: Met dien verstande dat die meerderheid van die komiteelede Raadslede moet wees.

(3) Die Raad –

- (a) moet die funksies en opdrag van 'n komitee bepaal;
- (b) moet die voorsitter van 'n komitee, wat 'n Raadslid moet wees, en ander lede van die komitee aanstel;
- (c) kan 'n komiteelid te eniger tyd uit met gegronde redes uit sy amp ontslaan;



- (d) kan die vergaderingprosedures van 'n komitee bepaal; en
- (e) kan 'n komitee te eniger tyd ontbind.

(4) Artikels 13 en 15 is van toepassing, met die nodige veranderinge, op die voorwaardes vir die aanstelling van komiteelede.

(5) Komitees wat deur die Raad ingestel is, het nie finale besluitnemingsbevoegdhede oor aangeleenthede wat die Agentskap raak nie en moet –

- (a) aanbevelings aan die Raad doen vir bespreking, wysiging, verwerping of aanvaarding; en
- (b) gereeld aan die Raad verslag doen oor hul werk.

(6) 'n Personeellid van die Agentskap wat in 'n komitee aangestel is, of deur 'n komitee genooi is om 'n vergadering by te woon –

- (a) moet 'n vergadering van daardie komitee bywoon en daaraan deelneem, maar mag nie stem nie; en
- (b) dien op die komitee, of woon 'n vergadering van die komitee by, onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van daardie persoon se diens.

(7) Artikel 14 is, met die nodige veranderinge, van toepassing op die gedrag van komiteelede en personeel van die Agentskap wat komiteevergaderings bywoon.

### **Delegering van bevoegdhede en toewysing van pligte deur die Raad**

**24.**(1) Wanneer dit nodig is vir die behoorlike uitvoering van sy funksies, kan die Raad enige van sy bevoegdhede deleger of enige van sy pligte toewys, uitgesonderd dié genoem in subartikel (2), aan –

- (a) 'n Raadslid;
- (b) 'n komitee ingestel ingevolge artikel 23; of
- (c) 'n geskikte personeellid van die Agentskap.

(2) Die Raad mag nie die volgende bevoegdhede en funksies deleger of toewys nie –

- (a) die aanstelling of heraanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte en die bepaling van sy of haar diensvoorwaardes in artikel 25 bepaal;
- (b) die bepaling van indiensnemingsbeleidsrigtings, finansiële beperkings of bepalings en voorwaardes rakende die indiensneming van personeel waarvoor in artikel 27 voorsiening gemaak word;

- (c) die fidusiêre pligte en algemene verantwoordelikhede van die Raad as die rekenpligtige gesag van die Agentskap; en
- (d) die goedkeuring van die begroting.

(3) 'n Deegasie of toewysing ingevolge subartikel (1) –

- (a) moet skriftelik wees;
- (b) is onderhewig aan sodanige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die Raad kan oplê;
- (c) nie die Raad ontnem van die verantwoordelikheid rakende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die uitvoering van die toegewysde plig nie; en
- (d) verhoed nie die uitoefening van die toegewysde bevoegdheid of die uitvoering van die toegewysde plig deur die Raad nie.

(4) Alle delegasies en opdragte ingevolge subartikel (1) moet in 'n bygewerkte register bygehou word.

(5) Die Raad kan enige besluit wat geneem is na aanleiding van 'n delegasie of opdrag ingevolge hierdie artikel bevestig, verander of herroep, onderhewig aan enige regte wat 'n persoon as gevolg van die besluit mag toegeval het.

#### HOOFSTUK 4

#### HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN AGENTSAP

##### **Hoof Uitvoerende Beampte**

**25.(1)** Die Raad, in oorleg met die LUR, moet 'n toepaslik gekwalifiseerde, vaardige en ervare persoon as die Hoof Uitvoerende Beampte van die Agentskap aanstel.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte –

- (a) word vir 'n termyn van hoogstens vyf jaar aangestel; en
- (b) kan, in oorleg met die LUR, deur die Raad heraangestel word vir bykomende termyne van hoogstens vyf jaar op 'n slag.

(3) Die Hoof Uitvoerende Beampte word in diens geneem op sodanige diensvoorwaardes as wat die Raad, in oorleg met die LUR, kan bepaal nadat hy of sy die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies geraadpleeg het.

(4) Die aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte is onderhewig aan die sluiting van 'n jaarlikse skriftelike prestasie-ooreenkoms tussen die Hoof Uitvoerende Beampte en die Raad, wat skriftelik en deur ooreenkoms tussen die partye by die ooreenkoms gewysig kan word.

(5) Die bepalings van artikel 15, met die nodige veranderinge, is van toepassing op die Hoof Uitvoerende Beampte: Met dien verstande dat die Hoof Uitvoerende Beampte sy of haar verklaring van belange aan die Raad moet doen in 'n formaat wat weselik aan Vorm 2 van Bylae 1 voldoen.

(6) Die Hoof Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir –

(a) die algehele bestuur van die Agentskap ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik;

(b) die aanstelling van personeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 27(1) en (2);

(c) die bestuur van personeellede, insluitend die handhawing van personeeldisipliene;

(d) die vasstelling, in oorleg met die Raad, van 'n gedragskode van toepassing op die Hoof Uitvoerende Beampte en alle ander personeellede, wat bereikbaar is vir doeleindes van dissiplinêre verrigtinge, ten einde die volgende te verseker –

(i) nakoming van toepaslike wetlike en beleidsvoorskrifte, insluitend hierdie Wet;

(ii) die doeltreffende, effektiewe en ekonomiese gebruik van fondse en hulpbronne van die Agentskap;

(iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek en gedrag;

(iv) die voorkoming van botsing van belange;

(v) die beskerming van vertroulike inligting wat deur die Raad gehou word; en

(vi) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike dienslewering.

(e) die byhou en instandhouding van die register van belange wat deur personeellede verklaar is; en

(f) die versekering dat die Agentskap voldoen aan die bepalings van hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en enige ander toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte.

(7) Die Hoof Uitvoerende Beampte –

(a) is teenoor die Raad aanspreeklik vir die uitoefening van sy of haar bevoegdhede en die uitvoering van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet, en moet aan die Raad verslag doen oor die aktiwiteite, funksies en bestuur van die Agentskap teen sodanige

frekwensie en op sodanige wyse soos wat die Raad kan bepaal; en  
(b) moet sodanige pligte uitvoer en sodanige bevoegdhede uitoefen soos wat die Raad aan hom of haar kan toewys of delegeer.

(8) Die Voorsitter van die Raad moet –

(a) 'n ander geskikte personeellid as waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte aanstel indien die Hoof Uitvoerende Beampte om enige rede afwesig is of nie in staat is om sy of haar funksies uit te voer nie: Met dien verstande dat enige sodanige aanstelling nie 'n tydperk van 60 dae mag oorskry nie; en

(b) indien die pos van Hoof Uitvoerende Beampte vakant raak, 'n ander personeellid as waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte in oorleg met die Raad en die LUR aanstel: Met dien verstande dat enige sodanige waarnemende aanstelling nie 'n tydperk van twaalf kalendermaande mag oorskry nie.

(9) 'n Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte –

(a) het al die bevoegdhede en pligte van die Hoof Uitvoerende Beampte; en

(b) word in diens geneem onderworpe aan sodanige diensbepalings en -voorwaardes soos wat die Voorsitter van die Raad kan bepaal ooreenkomstig subartikel (3), onderhewig aan enige beperkings en voorwaardes deur die LUR bepaal.

### **Bedanking en ontslag uit amp van Hoof Uitvoerende Beampte**

**26.(1)** Die Hoof Uitvoerende Beampte ontruim sy of haar amp –

(a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking in werking tree;

(b) wanneer hy of sy gediskwalifiseer word om 'n direkteur van 'n maatskappy te wees ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008); of

(c) nadat hy uit sy uit die amp ontslaan is ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die LUR, die diens van die Hoof Uitvoerende Beampte beëindig in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en regsvoorskrifte.

### **Indiensneming van personeel**

**27.(1)** Die Hoof Uitvoerende Beampte moet, met die instemming van en binne die finansiële perke wat deur die Raad gestel word, –

(a) 'n diensstaat bepaal wat nodig is om die Agentskap in staat te stel om sy funksies uit te voer en sy bevoegdhede uit te oefen; en

(b) die diensbepalings en -voorwaardes vir werknemers van die Agentskap bepaal.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte mag slegs persone in befondsde poste op die personeeldiens aanstel en in ooreenstemming met die toepaslike wetgewende en beleidsbepalings.

(3) Werknemers van die Agentskap –

(a) word in diens geneem onderworpe aan –

- (i) die toepaslike diensbepalings en -voorwaardes;
- (ii) die toepaslike beleidsrigtings deur die Raad bepaal;
- (iii) die gedragskode waarvoor in artikel 25(6)(d) voorsiening gemaak word; en
- (iv) die finansiële perke wat deur die Raad gestel is.

(b) moet hul pligte onder die toesig van die Hoof Uitvoerende Beampte uitvoer;

(c) moet, in 'n formaat wat wesenlik aan Vorm 2 van Bylae 1 voldoen, hul finansiële belange aan die Hoof Uitvoerende Beampte verklaar, wat 'n bygewerkte register van sodanige belange moet hou: Met dien verstande dat die bepaling van artikel 15 van toepassing is, met die nodige veranderinge, op die verklaring van finansiële en ander belange; en

(d) kan, met die toestemming van daardie werknemer, na 'n ander staatsorgaan gesekondeer word deur ooreenkoms tussen die Hoof Uitvoerende Beampte en sodanige staatsorgaan.

(4) 'n Persoon in diens van 'n ander staatsorgaan kan, by ooreenkoms tussen die Hoof Uitvoerende Beampte en sodanige staatsorgaan en ooreenkomstig die toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte, na die Agentskap gesekondeer of oorgeplaas word: Met dien verstande dat persone sodanig gesekondeer, hul funksies onder die toesig van die Hoof Uitvoerende Beampte uitvoer.

## HOOFSUK 5

### FINANSIES EN FINANSIERING VAN AGENTSKAP

#### **Finansiële aanspreeklikheid**

**28.** Die Raad moet verseker dat –

- (a) die Agentskap sy finansiële sake op 'n verantwoordbare en deursigtige wyse beheer en bestuur;
- (b) voldoen aan die bepaling van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en enige

ander toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte; en  
(c) gesonde korporatiewe bestuursbeginsels en -praktyke nakom.

### **Fondse**

**29.(1)** Die fondse van die Agentskap bestaan uit –

(a) geld deur die Provinsiale Wetgewer bewillig –

(i) as 'n bydrae tot die kapitaalbedrag in die Fonds vir die doel van belegging in begunstigde projekte ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet; en

(ii) vir die doel van die administrasie en daaglikse bedrywighede van die Agentskap ooreenkomstig die bepalings van subartikel (5);

(b) inkomste verkry uit die uitvoering van sy funksies, insluitend maar nie beperk nie tot inkomste uit gelde, heffings en die verskaffing van dienste;

(c) befondsing ontvang van staatsorgane vir spesifieke doeleindes of projekte;

(d) vrywillige bydraes, skenkings en bemakings;

(e) inkomste uit enige bron geïdentifiseer in artikel 5(2)(g);

(f) inkomste uit beleggings ooreenkomstig artikel 5(2)(h); en

(g) geld wat wettiglik uit enige ander bron verkry is.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet onmiddellik alle gelde ontvang ingevolge subartikel (1)(a) in die toepaslike bankrekening deponeer.

(3) Met ingang van die datum wanneer hierdie Wet in werking tree, word enige bankrekening, fondse of beleggings wat deur die Trust gehou word, geag die bankrekening, fondse of beleggings van die Agentskap te wees.

(4) Enige onbestede saldo in die Fonds aan die einde van 'n boekjaar word as 'n krediet na die Fonds oorgedra.

(5) Die Agentskap moet die fondse gebruik wat deur die Provinsiale Wetgewer ingevolge subartikel (1)(a)(ii) bewillig is –

(a) vir die betaling van besoldiging, toelaes en verblyf- en reiskoste van sy –

(i) Raadslede; en

(ii) Hoof Uitvoerende Beampte en personeellede; en

(b) om die koste te dra van die –

(i) daaglikse bedrywighede en administrasie van die Agentskap en die Raad; en

(ii) uitvoering van die pligte en funksies en die uitoefening van die bevoegdhede van die Agentskap en die Raad ingevolge hierdie Wet, en aangeleenthede wat

daarmee verband hou.

### **Finansiële bestuur**

**30.(1)** Die Raad moet verseker dat die Agentskap –

(a) volledige en behoorlike rekeningboeke en al die nodige rekords hou met betrekking tot –

(i) gelde bewillig deur die Provinsiale Wetgewer ingevolge artikel 29(1)(a); en

(ii) enige ander fondse van die Agentskap ontvang ingevolge artikel 29(1)(b) tot (g);

(b) die nodige opgawes, kennisgewings, jaarlikse begrotings, strategiese en sakeplanne, jaarlikse prestasieplanne, jaarlikse en ander verslae, geouditeerde finansiële state en enige ander dokumente of inligting wat vereis word om ingedien te word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of enige ander toepaslike wetgewende en beleidsvoorskrifte voorberei; en

(c) binne drie maande na die einde van elke boekjaar die finansiële jaarstate en enige ander dokumente of inligting wat redelikerwys deur die LUR vereis word ten opsigte van die fondse of finansies van die Agentskap, voorberei en aan die LUR voorlê.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet aan die Raad –

(a) binne drie maande voor die einde van elke boekjaar, 'n sakeplan vir die Agentskap, wat meetbare oogmerke en ander inligting bevat wat redelikerwys deur die Raad vereis word; en

(b) binne ses maande voor die begin van elke nuwe boekjaar, 'n staat van die beraamde inkomste en uitgawes van die Agentskap ten opsigte van die volgende drie boekjare jare, voorlê vir goedkeuring.

(3) Die Hoof Uitvoerende Beampte moet kwartaalliks bygewerkte inkomste- en uitgawestate met geprojekteerde uitgawes per program vir daardie finansiële jaar aan die Raad voorlê.

(4) Die Agentskap mag geen finansiële verbintenis buite sy goedgekeurde begroting en sy opgehoopde reserwes aangaan nie.

(5) Onderhewig aan 'n beleggingsbeleid wat deur die Raad goedgekeur is, moet die Hoof Uitvoerende Beampte enige surplusfondse by die Korporasie vir Openbare Deposito's, of enige ander instelling met 'n beleggingsgradering, belê.

(6) Die Hoof Uitvoerende Beampte kan, met die goedkeuring van die Raad, reserwefondse instel en die bedrae daarin deponeer soos wat die Raad goedkeur: Met dien verstande dat sodanige deposito's aan die Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-generaal openbaar gemaak word binne een maand na die datum waarop 'n deposito gedoen word.

### **Oudit en jaarverslag**

**31.(1)** Die Raad moet binne twee maande na die einde van elke boekjaar die finansiële state van die Agentskap en die Fonds opstel en voorlê aan die Ouditeur-generaal, wat die finansiële state van die Agentskap en die Fonds moet oudit.

(2) Die Raad moet 'n jaarverslag oor die funksies van die Agentskap, insluitend beleggings van die Fonds, gedurende 'n boekjaar voorlê binne –

- (a) drie maande na die einde van elke boekjaar aan die LUR vir tertafellegging in die Provinsiale Wetgewer binne vyf maande na die einde van daardie boekjaar; en
- (b) vyf maande na die einde van elke boekjaar aan die Provinsiale Tesourie.

(3) Die verslag moet –

- (a) 'n balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawes wat deur die Ouditeur-generaal gesertifiseer is, insluit;
- (b) vermeld in watter mate die Agentskap gedurende die betrokke boekjaar sy oogmerke bereik of bevorder het wat in artikel 2 bepaal word en die meetbare oogmerke, soos uiteengesit in sy sakeplan waarvoor in artikel 30(2)(a) voorsiening gemaak word; en
- (c) relevante prestasie-inligting bevat rakende die doeltreffende, effektiewe en ekonomiese aanwending van hulpbronne en 'n vergelyking tussen beplande en werklike prestasie-aanwysers soos uiteengesit in die jaarlikse prestasieplan.

## HOOFSTUK 6 ALGEMENE BEPALINGS

### **Vertroulike inligting wat deur Agentskap gehou word**

**32.(1)** Onderhewig aan die Grondwet, die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en enige ander toepaslike wet, mag



geen persoon enige inligting wat deur die Agentskap gehou word openbaar maak nie, tensy

–

- (a) hy of sy deur 'n geregshof beveel word om dit te doen; of
- (b) die persoon op wie sodanige inligting betrekking het, skriftelik daartoe instem.

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

### **Wanvoorstelling**

**33.**(1) Niemand mag, sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Raad, op enige wyse die naam, akroniem, logo's, ontwerpe of enige ander materiaal of eiendom wat deur die Agentskap gebruik of besit word, aanbied of daarvan van gebruik maak nie.

(2) Geen persoon mag valslik beweer dat hy namens die Agentskap optree nie.

(3) Geen persoon mag valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om gelde, skenkings of bydraes namens of in opdrag van die Raad te hef of in te vorder nie.

(4) Enige persoon wat subartikels (1), (2) of (3) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

### **Oortredings en strawwe**

**34.**(1) Enige persoon wat 'n misdryf ingevolge artikel 32 of 33 van hierdie Wet pleeg, moet dienooreenkomstig aangekla word en is by skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

(2) Waar 'n misdryf gepleeg ingevolge hierdie Wet ook 'n misdryf uitmaak waarvoor in enige ander wet voorsiening gemaak word, kan 'n persoon wat sodanige misdryf pleeg ingevolge óf hierdie Wet óf die ander wet vervolg word.

### **Regulasies en Bylaes**

**35.**(1) Die LUR kan, na oorleg met die Raad en by kennisgewing in die *Koerant* –

- (a) regulasies uitvaardig wat nie teenstrydig is met die bepalings van hierdie Wet of enige ander toepaslike wetgewing nie, met betrekking tot –
  - (i) enige aangeleentheid wat toegelaat word om ingevolge hierdie Wet voorgeskryf te word; en
  - (ii) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om

uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet; en  
(b) die Bylaes by hierdie Wet wysig.

(2) Die afwesigheid van enige regulasies onthef nie enige persoon van die nakoming van die bepalings van hierdie Wet of die implementering van enige aangeleentheid waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word nie.

### **Beëindiging van Trust en oorgangsmatreëls**

**36.**(1) Die LUR moet, binne 'n tydperk van hoogstens 60 dae na die inwerkingtreding van hierdie Wet, en onderhewig aan die bepalings van die Wet op die Beheer van Trustgoed en voorskrifte uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof, die Trust beëindig: Met dien verstande dat die Agentskap gedurende die tydperk van beëindiging en likwidasië van die Trust toegang kan verkry tot die fondse van die Trust vir administratiewe en operasionele doeleindes.

(2) By die likwidasië van die Trust deur die Trustees, gaan alle Trustbates, insluitend die netto inkomste en kapitaal van die Trust, oor op die Agentskap.

(3) Die LUR moet binne 'n tydperk van 60 dae na die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n Raad aanstel in ooreenstemming met die bepalings van Hoofstuk 3 van hierdie Wet: Met dien verstande dat in die tussentyd –

(a) die LUR 'n voldoende aantal Trustees uit die Trust kies en aanstel as lede van 'n tussentydse Raad; en

(b) 'n tussentydse Voorsitter en Ondervoorsitter aanstel uit die lede wat op die tussentydse Raad bedoel in paragraaf (a) gekies is.

(4) Alle werknemers van die Trust word geag in diens geneem te wees ingevolge artikel 27 van hierdie Wet, volgens wesenlik dieselfde bepalings en voorwaardes as dié wat voorheen hul diens gereël het: Met dien verstande dat die Raad redelike veranderinge aan werkspraktyke kan maak vir die doel van operasionele en administratiewe doeltreffendheid en eenvormigheid.

(5) Werknemers bedoel in subartikel (4) –

(a) behou hul opgehoopde vakansieverlof tot op die datum onmiddellik voor die datum van oorplasing na die Agentskap, aangepas in ooreenstemming met die diensvoorwaardes van die Agentskap; en

(b) met betrekking tot wie enige ondersoek of verrigtinge wat ingestel is of bedoel is om ingestel te word ten opsigte van beweerde wangedrag gepleeg deur, of onbekwaamheid van, 'n werknemer voor die datum van oordrag, deur die Agentskap gefinaliseer of ingestel moet word ooreenkomstig die wetgewende en beleidsvoorskrifte en diensvoorwaardes van toepassing op sodanige werknemer terwyl hy of sy nog in diens van die Trust was.

(6) Die beëindiging van die Trust raak geen reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid verkry of opgedoen of aangegaan deur die Trust voor sy beëindiging nie, tensy daar vir die teendeel ingevolge hierdie Wet voorsiening gemaak word.

**Kort titel**

**37.** Hierdie Wet staan bekend as die KwaZulu-Natal Wet op die Groeifondsagentskap, 2024.

**BYLAE 1: VORMS***(Artikel 15(1), 25(5) en 27(3)(c))***VORM 1:**

**JAARLIKSE EN AD HOC VERKLARING VAN DIREKTE OF INDIREKTE BELANGE  
VAN RAADS- EN KOMITEELEDE  
(Artikel 15(1) en (2))**

**JAARLIKSE EN AD HOC VERKLARING VAN DIREKTE OF INDIREKTE BELANGE VAN RAADS-  
EN KOMITEELEDE INGEVOLGE ARTIKEL 15(1) EN (2) VAN DIE KWAZULU-NATAL WET OP DIE  
GROEIFONDSAGENTSAP, 2024**

TIPE VERKLARING	
<b>JAARLIKSE VERKLARING</b>	<b>AD HOC VERKLARING</b>
<i>Merk indien toepaslik</i>	<i>Merk indien toepaslik</i>

**VERKLARING HET BETREKKING OP BOEKJAAR:** *Voeg boekjaar in***DATUM VAN VERKLARING:** *Voeg datum van verklaring in*

Ek, die ondergetekende met die volgende besonderhede:

**VAN:** *Voeg van in***VOLLE NAME:** *Voeg volle name in***ID-NOMMER:** *Voeg ID-nommer in***WOONADRES:** *Voeg woonadres in***TELEFOONNOMMER:** *Voeg telefoonnommer in***SELNOMMER:** *Voeg selnommer in***E-POSADRES:** *Voeg e-posadres in***BENAMING / POSISIE:** *Voeg óf Raadslid óf komiteelid in indien nie 'n Raadslid nie*

verklaar en sertifiseer hiermee dat die volgende inligting, met betrekking tot myself en enige familielid, sakevennoot, medewerker of werkgewer, behalwe die Staat, volledig en korrek is na die beste van my wete:

(a) Eienaarskap van aandele in maatskappye of entiteite:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN MAATSKAPPY OF ENTITEIT	MAATSKAPPY-REGISTRASIE-NOMMER	AARD	AANTAL AANDELE	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van aandeelhouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin</i>	<i>Voeg maatskappy-registrasienommer in (indien privaat maatskappy)</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van</i>	<i>Voeg aantal aandele gehou in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van aandele in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van aandele in</i>

			<i>aandele gehou word in</i>		<i>besigheid in</i>			
2								

(b) Belange in beslote korporasies:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN BESLOTE KORPORASIE	BK REGISTRASIE-NOMMER	AARD	BELANG	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin aandele gehou word in</i>	<i>Voeg naam van maatskappy of entiteit waarin aandele gehou word in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van besigheid in</i>	<i>Voeg persentasie belang gehou in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in Suid-Afrikaanse Rand in</i>	<i>Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividende betaalbaar</i>
2								

(c) Belange in vennootskappe:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN VENNOOTSAP	BELANG	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van vennootskap waarin belang gehou word in</i>	<i>Voeg persentasie belang gehou in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van besigheid in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in Suid-Afrikaanse Rand in</i>	<i>Voeg detail van alle vergoeding / inkomste betaalbaar in</i>
2							

(d) Werklike of persoonlike regte in eiendom wat deur enige maatskappy, korporasie, trust, besigheid of ander regsenteit gebruik word:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN ENTITEIT	REGISTRASIE-NOMMER	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van houer van regte in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van entiteit in wat eiendom gebruik</i>	<i>Voeg registrasie-nommer van entiteit wat eiendom gebruik in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van reg en eiendom in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van reg in eiendom wat deur entiteit gebruik word in</i>	<i>Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividende betaalbaar</i>
2							

(e) Belange in trusts:

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN TRUST	REGISTRASIE-NOMMER	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	<i>Voeg naam van belanghouer in</i>	<i>Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie</i>	<i>Voeg naam van trust in</i>	<i>Voeg registrasie-nommer van trust in</i>	<i>Voeg beskrywing van aard van betrokkenheid by trust in</i>	<i>Voeg totale nominale waarde van belang in trust in</i>	<i>Voeg besonderhede van alle vergoeding / inkomste / rente betaalbaar in</i>
2							

(f) Ten opsigte van enige besigheid, onderneming of ander entiteit, met of sonder regspersoonlikheid, enige belang wat die houer daarvan in staat stel om te deel in die winste en inkomste van sodanige besigheid, onderneming of ander entiteit (indien nie reeds in (a), (b), (c), (d) en (e) hierbo verklaar nie):

NO.	NAAM VAN HOUER	VERHOUDING	NAAM VAN ENTITEIT	BELANG	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	Voeg naam van belangehouer in	Voeg verhouding met houer in, indien nie self nie	Voeg naam in van entiteit waarin belang gehou word	Voeg persentasie belang gehou in	Voeg beskrywing van aard van belang en besigheid in	Voeg totale nominale waarde van belang in	Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividende betaalbaar
2							

(g) Vergoeding, direkteurskappe, konsultante en retensieskappe:

NO.	NAAM VAN PARTY	VERHOUDING	NAAM VAN ENTITEIT	AARD	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
1	Voeg naam van party by die kontrak of ooreenkoms in	Voeg verhouding met party in, indien nie self nie	Voeg naam van entiteit in	Voeg beskrywing van aard van werk wat verrig is in	Voeg besonderhede in van alle vergoeding, inkomste, dividend betaalbaar
2					

(h) Leningsrekeninge (uitgesluit verband-, voertuigfinansierings- en kleinhandelrekeninge):

NO.	NAAM VAN PARTY	VERHOUDING	NAAM VAN LENER	AARD	OORSPRONKLIKE LENINGSBEDRAG (ZAR)	UITSTAANDE BALANS (ZAR)
1	Voeg naam van leningsrekening in	Voeg verhouding met party in, indien nie self nie	Voeg naam van lener in	Voeg beskrywing van aard van lening in	Voeg oorspronklike leningsbedrag in	Voeg uitstaande leningsbedrag in, insluitend uitstaande rente
2						

(i) Vergoeding, inkomste, besoldiging, regte op inkomste, aandele, belange, skenkings, geskenke of enige ander voordele wat toeval voor of ingevolge die toekenning van 'n lisensie vir die instelling, lisensiering of operasionalisering van 'n drank-, dobbel-, perdewedren- of weddery-instelling:

NO.	NAAM VAN BEGUNSTIGDE	VERHOUDING	NAAM VAN ENTITEIT	AARD	NOMINALE WAARDE (ZAR)	VERGOEDING / INKOMSTE (ZAR)
